Verwysing: 20210125-624
Lêerno.: 12/2/8/17/2/2
Navrae: R. Leukes

Kurrikulum AOO minuut: DCG 0002/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Prinsipale van alle gewone openbare, spesiale en onafhanklike skole met graad R

Onderwerp: Registrasie van graad R-onderwysers/-praktisyns se kwalifikasies na SOBIS

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is daartoe verbind om te verseker dat alle data betroubaar en geldig is.

2. Die prinsipaal is verantwoordelik om toe te sien dat akkurate data op SOBIS vasgelê word. Graad R-onderwysers/-praktisyns se kwalifikasies is uiteenlopend en daar kan tans 36 inskrywings op die stelsel gemaak word. Dit hou 'n aansienlike risiko vir die korrekte vaslegging en akkuraatheid van die data in.

3. Die doel van hierdie minuut is om die risiko te verminder en om akkurate rekenskap van graad R-onderwysers/-praktisyns se hoogste kwalifikasies op die stelsel moontlik te maak. **Bylae A** is die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) se Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), wat dit moontlik maak vir die vaslegger om verwysings na die kwalifikasies van graad R-onderwysers/-praktisyns te verkry.

4. Die WKOD doen verslag aan die Ouditeur-Generaal asook die Departement van Basiese Onderwys oor die kwalifikasies van alle graad R-onderwysers/-praktisyns. Die akkuraatheid van die inligting is dus van noodsaaklike belang en onakkurate verslagdoening kan as bedrog beskou word. **Bylae B** dui die vlak van die kwalifikasie volgens SAKO se NKR aan.

5. Die inhoud van hierdie minuut moet onder die aandag van alle betrokkenes by graad R-onderwys by gewone openbare, onafhanklike, spesiale en onafhanklike vroeëkindontwikkelingskole gebring word.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-03-09